

Moenie oorhaastig wees nie

Elke dag is vol van sy eie dinge. Daar is soveel om te doen en so min tyd. Almal is so verskriklik besig. Selfs wanneer 'n mens met vakansie is, het 'n mens dikwels min tyd. Die gebrek aan tyd, waaroor almal kla, het van die mensdom 'n menigte op 'n drafstap gemaak. Ons wil so dikwels Rome in een dag bou en deur ander gebou hê! Salomo waarsku ons in vers 5 teen oorhaastigheid: "Wat handwerkende mense beplan, is nuttig, maar elkeen wat oorhaastig is, stuur af op gebrek". Die spreekwoord is inderdaad waar: Hoe meer haas, hoe minder spoed. Baie sogenaamde kortpaadjies is tydmors en geldverkwisting. Wie oorhaastig is, ly dikwels skade in plaas daarvan om voordeel daaruit te trek. Hy wil tyd wen, maar kom op die ou end tyd kort; hy wil vinnig geld maak, maar hy verloor. Iemand wat oorhaastig is, doen dikwels onverstandige dinge.

Daarteenoor, sê Salomo, is die planne van die handwerkende mens baie nuttig en tot voordeel. 'n Mens moet jouself tyd gun om te beplan. Hoe kan ek dit die beste doen? Want dit is nie net die vinnige wegspring wat tel nie maar ook die volhardende aanhou tot die suksesvolle einde! As jy dus baie moet doen en baie wil doen, gaan sit eers. Beplan die dag en begin dan ywerig, maar teen 'n pas wat jy kan volhou. Dit alles geld ook van ons lewe saam met die Here. Oorhaastigheid in ons godsdiens lei tot oppervlakkigheid en gebrek.

Dit is tog opmerklik hoe dikwels die Bybel praat van "wandel". In die koninkryk van God word daar nie gehardloop nie. Ons moet as't ware hand aan hand met die Here lewe en dit kan nie wanneer 'n mens hardloop nie. Jesaja het ook gesê: Hy wat glo, sal nie haastig wees nie (Jes. 28:16). 'n Mens moet op die Here kan wag, ook al is jy hoe haastig om 'n probleem opgelos te kry om ideale te bereik.

Ons moet vandag baie doen, maar dink eers goed na. Hoe kan ek die Here in alles die beste dien?